

Haar pakkie lok vlinders



BENODIGDHEDE: Pingouin Nr. 5 (50-g-bolle en 250-g-keëls); ongeveer 100 g donkerpienk (D) en 50 g elk ligpienk (L) en wit (W); paar breinaalde en 'n hekelpen van 3 mm; 4 wit knopies.

MATE: Om kind van 12-18 maande te pas.
SPANNING: 30 ste en 40 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.

AFKORTINGS: Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; weersk - weerskante; beg - begin; vlg - volgende; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); dr2 - draai twee steke soos volg: brei 2e steek op linkerbreinaald, brei dan die eerste steek en laat val die steke tesame; rif - riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); pat - patroon; buis-st - buissteek (= oor 'n ewe aantal steke, elke ry: brei een steek regs, glip een steek aweregs-gewys tot einde van ry). Hekel: kb - kortbeen; ks - kettingsteek; krap-st - krapsteek (= kort-been van links na regs); RK - regte kant.

Patroonsteek vir skouerbrokekie: 1e ry: Deurgaans r.

2e ry: Deurgaans aw.

3e ry: r2, *aw1, r3*; herh tot einde.

4e ry: Deurgaans aw.

5e ry: Deurgaans r.

6e ry: Deurgaans aw.

7e ry: r4, *aw1, r3*; herh tot einde.

8e ry: Deurgaans aw.

Dié 8 rye vorm die patroon.

Patroonsteek vir truitjie: 1e ry: r2, *dr2, r2*; herh tot einde.

2e en alle ewe rye: Deurgaans aw.

Dié 2 rye vorm die patroon.

TRUITJIE

AGTERPANT: Stel 64 ste op met D en brei 2 rye buis-st.

Slaan oor na rif en brei 3 cm.

Slaan oor na patroonsteek vir truitjie en brei afwisselend 2 rye D, 2 rye L en 2 rye W, tot werk 20 cm lank is.

Mousgatvorming: Heg 5 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Brei reguit voort tot werk 32 cm lank is, heg af.

VOORPANT: Soos agterpant tot werk 21 cm lank is vanaf begin.

Voorpantopening: Verdeel steke in helfte en brei elke helfte afsonderlik.

Brei tot werk 28 cm lank is.

Halsvorming: Heg aan halsrand 1 keer 8 ste en 4 keer 1 st af.

Brei tot werk 32 cm lank is vanaf begin en heg oorbl ste af.

Brei tweede deel op dieselfde manier.

MOUE (2): Stel 38 ste op met D en brei soos uiteengesit vir agterpant.

Vermeer in 1e pat-ry 6 ste eweredig gespasieer; vermeer dan 1 st aan weersk van elke alt ry, 5 keer.

Brei reguit voort tot werk 17 cm lank is vanaf begin.

Moukoppvorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Vermin daarna 1 st aan weersk van elke alt ry tot 20 ste oorbl.

Brei reguit voort tot werk 29 cm lank is vanaf begin en heg af.

KRAAG: Werk skouernate toe.

Tel met D 55 ste uit halsrand op en brei 2 rye ks.

3e ry: Vermeer 1 st in elke 3e st.

4e-6e ry: Deurgaans ks.

7e ry: Vermeer 1 st in elke 3e st.

Brei voort tot werk 4,5 cm lank is en heg af.

AFWERKING: Werk sy- en mounate toe. Werk moue in mousgate vas. Hekel met L 2 rye kb oor rand van kraag en voorpantopening, dan 'n ry krap-st met wit. Hekel 2 knoopplusse aan voorpantopening in laaste ry. Werk 2 knopies aan voorpantopening vas.

SKOUERBROEKIE

AGTERPANT: Eerste broekspyp: Stel 34 ste op met D en brei 2 rye buis-st, slaan oor na rif en brei 2 cm.

Slaan oor na patroonsteek vir skouerbrokekie en brei tot werk 4 cm lank is.

Stel dan aan kruiskant 2 ste op, brei nog 2 rye, plaas ste op 'n reserwenaald en brei die tweede broekspyp tot dit so lank soos eerste is.

Stel nou 14 steke op om tussen die 2 broekspye vir kruis te brei en plaas al die steke op 1 breinaald. Vermin in vlg RK-rye telkens 1 st aan weersk van dié kruis-ste tot al die kruis-ste weggebrei is.

Brei reguit voort tot werk 24 cm lank is vanaf begin en vermin dan 1 st aan weersk tot daar 35 ste oor is.

Brei voort op dié ste tot werk 32 cm lank is vanaf begin en heg af.

VOORPANT: Soos agterpant.

AFWERKING: Werk sy-, binnebeen- en kruisnate toe.

Hekel met L 2 rye kb oor rande van bors- en rugstuk, dan 1 ry krap-st met wit.

Skouerbandjies (2): Stel 10 ste op met D en brei 31 cm rif. Heg af.

Hekel met L 2 rye kb om elke skouerband, dan 1 ry krap-st met W, rond punt eifens af en hekel 'n knoopsgat aan één punt.

Werk skouerbandjies aan agterpant vas en werk aan voorpant 'n knopie teenoor elke knoopsgat van skouerbandjie vas.

Borduur vlinders op voorpant. Hekel 'n paar ks, en dan kb om vlerkies te vorm. Werk dit aan vlinders vas soos op foto gesien kan word.